

# Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 11 / no. 9  
September 2002

## OUD WORD: SKRAAL OF OORVLOEDIG?

Prediker skryf oor die oënskynlike sinloosheid van die werk van die mens hier op aarde: wat lewer al die geswoeg van baie jare uiteindelik op? (Pred. 2:17-22) Is daar blywende waarde in die mens se werk self, of is dit slegs 'n middel tot 'n ander of hoër doel? (Pred. 2:23-26 en Pred. 12:13,14).

Hierdie soort vrae word sterker namate 'n mens ouer word. Het enigiets van wat ons opbou en agterlaat blywende of selfs ewigheidswaarde? Is oud word maar net die laaste fase van aftakeling van 'n lewe wat amper verby is? Of is daar tog nog 'n spesiale positiewe rol of funksie vir ons ouer broers en susters, waardeur hulle 'n blywende erfenis kan oordra?


As dit goed is het ouer mense heel wat lewenswysheid ontwikkel. Daarvan kan ander, met minder lewenservaring, beslis leer. Maar hierdie lewenswysheid kom deurgaans uit 'n ander tyd. En die tye verander so vinnig, dat hierdie lewenswysheid nie meer altyd toepasbaar is in ons tyd nie. Dit vra werklik inspanning om in voeling te bly met die veranderende wêreld van vandag. In ons tyd kan ouer mense meer as vroeër buite ons tyd en lewe te staan kom. Is daar dan nog vir hulle 'n positiewe rol om te vervul, of kan hulle maar net op die kantlyn sit en toekyk? Verskraal die lewe van ouer mense tot 'n lewe vanuit 'n vervloë tyd en 'n ander wêreld?

Die blywende wysheid wat ons ouer broers en susters aan die volgende geslagte kan oordra, lê besonderlik op die vlak van *geestelike* lewenswysheid. Wat het ons nie alles ervaar in ons lewe en hoe het ons nie hierin die Here se leiding gesien en ervaar nie. Hoe het, deur menslike swakheid, God se krag nie duidelik sigbaar geword in ons lewe nie. Hoe het dit nie geblyk dat trou aan God se geboorte en vertroue op God se beloftes seën in ons lewe bring nie. Dan staan ons persoonlike, verbygaande prestasies nie in die kalklig nie, maar God se oorvloedige groot daad, ook in ons lewe. Dit is onderwys wat in alle tye en vir alle geslagte relevant is (Ps 145:4,5). Dit het blywende waarde vir die toekoms.

Op die gebied van weerstand en opstand teen God se heilsame norme is daar ook in ons tyd niks nuuts onder die son nie. Ouer mense het 'n sinvolle taak om ons kinders, wat groot word in die leefwêreld van die "New Age", die regte en blywende basis te leer sien en vashou. Hier moet ons moeite doen om 'n generasiegaping in die kerk te voorkom. God se lof moet blymoedig bly opklink, ook by die wisseling van geslagte: eenvoudig en duisendvoudig.

J Moes

## In Hierdie Uitgawe



### Tema: Moeites en seëninge van die ouderdom

- **Fris en lewenskragtig in die ouderdom** ..... 3
- **Wanneer die aand aanbreek** ..... 4
- **Onderhoud met br en sr Haak** ..... 7
- **Finansiële voorbereiding op aftrede** ..... 9
- Vrouedag ..... 2
- Twee kerke raak verloof .. 11
- Die kerkverband ..... 13
- Sendingwerk in Soshanguve-Suid ..... 15

# Goeie More, Good Morning, Dumela!

## - Indrukke van vrouedag: 9 Augustus 2002

Mariaan Hordijk

### VERSLAG

**Soos gebruiklik het die susters van Johannesburg, Mamelodi, Pretoria en Soshanguve vrouedag saam gevier. Hierdie jaar het ons in die kerkgebou van die VGK Pretoria vergader, alhoewel ons as susters van Maranata die verversings moes versorg. Die onderwerp wat ons op die dag behandel het, was "VIGS", ingelei deur proponent Tebogo Mogale.**

VIGS is 'n siekte wat reeds baie invloed uitgeoefen het op veral ons susters uit Mamelodi en Soshanguve. Baie van hulle kom op 'n daaglikse basis in aanraking met mense wat VIGS het, of sien die gevolge in 'n gesin waar iemand aan die siekte ly. Daarom is die tyd beslis ryp om oor so 'n onderwerp te praat. Proponent Tebogo Mogale het vir ons die stem van

die Christen laat klink uit die hartjie van die "township"-kultuur, waar hy elke dag werk.

Tebogo het eers in breë trekke die mediese oorsake van VIGS toegelig. Hy het veral klem gelê op die maniere waarop die virus oorgedra word. Die eerste manier is deur die kontak van bloed tot bloed, byvoorbeeld met 'n bloedoortapping of tydens 'n ongeluk. Die tweede manier is deur borsmelk van moeder na kind. Oordrag tydens seksuele omgang is die derde manier waarop die virus versprei. Dit is ook die grootste enkele oorsaak vir die drastiese toename in HIV+ mense. Tebogo het veral gefokus op die taak van die kerk ten opsigte van HIV/VIGS. Hy sien die taak van die kerk op twee terreine, eerstens ten opsigte van mense wat nog nie geïnfecteer is nie (veral kinders) en tweedens ten opsigte van mense wat reeds geïnfecteer is. In beide gevalle is die manier waarop VIGS meestal opgedoen word die uitgangspunt van berading of opvoeding.

Ten opsigte van ons kinders, die geslag van môre, moet ons hulle leer om nie voorhuwelike seksuele omgang te beoefen nie. Dit moet by hulle ingeprent word (Deut. 6). Verder moet hulle geleer word dat 'n mens getrou aan jou huweliksmaat moet wees. Die beste manier waarop hulle dit sal leer is deur die voorbeeld van hulle ouers. Bogenoemde is die taak van die ouers in die gesin, maar ook van die kerk.

Die kerk mag nie haar rug draai op mense wat reeds VIGS het nie. Jesus Christus self het diep medelye gehad met siekes. Ons moet hulle bystaan, maar ook wys dat hulle losbandigheid die oorsaak van hulle ellende was. Ons moet aan hulle leer om berou te hê en

hulle sondes te bely. So mag ons hulle na Christus lei.

Proponent Tebogo Mogale het ons volle aandag gehad met die lewendige en oortuigende manier waarop hy die onderwerp oorgedra het. Dit is met groot dankbaarheid dat ons merk dat die Here ook vanuit die sendinggemeentes broeders stuur om sy Woord tydig en ontydig te verkondig, veral oor hierdie onderwerp wat ook baie aandag van die populêre media ontvang.

Proponent Tebogo het sy toespraak in Engels gelewer met af en toe 'n opmerking in Sotho of Afrikaans. Hy het op 'n stadium in Afrikaans gevra of ons nog wakker is. Hy was seker bang dat hy ons verveel. Ons het egter aan sy lippe gehang en het nie tyd gehad om te knik nie. Voertaal is 'n aktuele onderwerp in ons kerkverband. Tog glo ek nie dat taal 'n kwessie was op hierdie dag nie. Soos ons al op vorige saamtrekdae beleef het, verdwyn kwessies soos voertaal in die niet wanneer ons saam rondom die Woord van die Here vergader.

Die susters uit die sendinggemeentes was vir my spontaner tydens die bespreking as wat ek dit op vorige saamtrekdae beleef het. Sou dit wees omdat hulle beter kan identifiseer met 'n spreker uit hulle eie geledere? Dit was vir my opvallend dat die susters van Soshanguve en Mamelodi op een plek vergader het tydens die middagete en die van Pretoria op 'n ander plek. Ek sien nog min van die spontane saamkuier wat ons graag sou wou ervaar. Tog het ons tydens die groepsbesprekings goed met mekaar oor die onderwerp gesels.

Ek dink ons het weereens 'n suksesvolle vrouedag saam deurgebring. Mag ons God en Vader ons die wysheid gee om as sy kinders alle menslike struikelblokke uit die weg te ruim in ons ontmoeting met mekaar. ✠

Eienaar en uitgewer:  
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo  
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser  
(eindredakteur)  
ds C Kleijn  
J Moes  
A Roos  
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries  
Cunninghamlaan 1299  
Waverley 0186  
Tel. (012) 332-3168

E-pos adres:  
Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide  
Haakbergseweg 47  
7161 BG Neede  
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. H Groenwold  
Posbus 23931  
Gezina 0031  
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:  
E-pos: R40 per jaar  
Suid-Afrika: R80 per jaar  
Nederland: Seepos •20  
Lugpos •30

# FRIS EN LEWENSKRAGTIG IN DIE OUDERDOM

## TEMA: MOEITES EN SEËNINGE VAN DIE OUDERDOM

**Om oud te word beteken vir baie mense verlies van kragte en aftakeling van vermoëns. In 'n sekere mate geld dit vir ons almal. Tog is die verouderingsproses nie iets wat buite ons verantwoordelikheid staan nie. Dit is nie 'n noodlot wat ons maar net moet ondergaan nie. Vir elke dag mag ons van die Here lewensmoed en lewenskrag vra.**

As ons die Here vir lewenskrag vra om Hom ook in ons ouderdom nog te kan dien, gee Hy vir ons sy beloftes: "Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie." (Jes. 40:30,31)

Nog meer direk, juis in verband met ouer word, klink die belofte in Psalm 92: **"Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon. Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhove van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat die HERE reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie."** (Ps. 92:13-16)

Hierdie belofte geld spesiaal vir die regverdiges. Hulle lot word hier teenoor die van die goddelose mense gestel. Die goddelose mense mag voorspoed hê en "groei soos plante" maar dit is onbestendig en tydelik. Hulle sal vergaan net soos wat groen onkruid verwelk en verdor. Maar die regverdiges staan vas en word met palm en seder vergelyk. Die palmboom en die seder is bome wat eeue oud kan word en altyd groen bly. Die dadelpalm word ook deur sy baie vrugte gekenmerk.

Nou moet wel duidelik gestel word dat die regverdiges nie noodwendig die "room van die mensheid" is nie. Wie van ons sou homself dan hierdie belofte kon toeëien? Slegs deur die geloof is ons regverdig vir God. So getuig die Skrif ook van Abraham dat hy deur sy geloof regverdig was (Rom. 4:4-6).

Hierdie geloof bely eie tekortkomings en onmag. Hierdie geloof het 'n besef van eie sonde en skuld. Maar dit soek en vind sy geregtigheid in God se genadige ontferming in Jesus Christus. Hierdie geloof stempel die hele lewe. Dit spoor ons aan om met lus en liefde volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe. Ons hele lewe lank, dankbaar en bly.

Tog is dit nie almal wie so uit die geloof lewe se deel om in hulle ouderdom **"fris en lewenskragtig"** te wees nie. Ook regverdiges kan op 'n vroeë leeftyd al aftakeling in hulle lewe ervaar.

Hierby moet ons besef dat God se seën in die ou verbond 'n meer sigbare en tasbare vorm gehad het. Dit kom baie duidelik na vore wanneer in Levitikus 26 en Deutero-

nomium 28 seën en vloek teenoor mekaar gestel word. Dit was toepaslik vir Israel omdat hulle nog as volk van God in die kinderskoene gestaan het.

Maar ook toe reeds was die kern van die seën geestelik van aard. Die regverdiges sal groei soos 'n palmboom en 'n seder, omdat hulle **"in die huis van die HERE geplant is"**, **"in die voorhove van onse God"**. Die vreugde van hulle bestaan vind hulle in die genot van die gemeenskap met God. En so dra hulle vrugte, ook in hulle ouderdom.

Dit is ook vir ons die kern. Dit gaan nie net daaroor dat ons self kan groei en bloei nie. Maar dat ons in die ouderdom ook nog vrugte vir die Here sal dra. So 'n ouderdom is 'n geseënde ouderdom.

Die Here gaan met elkeen van sy kinders 'n eie pad. Die pad kan ook lei deur onverstaanbare donker dieptes. Dan moet ons gewillig die pad volg waarheen sy hand ons lei. In die geloofsvertroue dat sy hand liefde is en sy pad saligheid.

'n Lewe wat so gelouter word kan dikwels die rykste en rypste vrugte vir die Here dra en in daardie sin **"fris en lewenskragtig"** wees. Ook by liggaamlike aftakeling en verval van kragte.



Noag

Laat ons duidelik beseef dat ons eie geestelike matheid en gebrek aan diensvaardigheid nie die oorsaak mag wees dat ons buite die lewe te staan kom en nie meer vrugte vir die Here dra nie.

Ons kan op baie verskillende maniere vir die Here vrugte dra. Ook wanneer ons in 'n groot mate beperk word in ons vermoëns en wanneer ons al hoe meer hulp-behoewend word. Wanneer ons lewe dan tog nog deur geduld en blymoedigheid bestempel word, het dit 'n aansteeklike uitwerking. Dit kan 'n baie positiewe invloed op ons omgewing hê!

Die waarde en krag van die geloofsgebed mag veral ook nie onderskat word nie. 'n Bejaarde suster het eendag vir my gesê: "Ek kan niks meer doen nie, behalwe bid!" Ek het haar toe daarop gewys dat die geloofsgebed meer beteken as enige menslike organisasievermoë en totale insette van ongebroke lewenskrag.

Lê hierin nie juis vir ons bejaardes hulle grootste taak nie? Wie in die gejaagde arbeidsproses opgeneem is, ondergaan die invloed van die gejaagde lewe. Dit hinder dan dik-

wels die gebedslewe. Tyd vir rustige konsentrasie, wat vir die gebedslewe nodig is, ontbreek dikwels.

Ouderdom is 'n tyd van rus en besinning, van inkeer tot jouself en tot die Here. Daar kan dan beter afstand geneem word van allerhande klein dingetjies van elke dag, wat ons so maklik in beslag kan neem. So kan die werklike nood van die kerk en van die wêreld beter oorsien en ingeskat word en aan die Here voorgelê en opgedra word. Laat die bejaardes wat nie veel meer kan doen behalwe bid nie, bewus wees van die groot krag van die gebed. Hulle moenie mismoedig fokus op wat hulle nie meer kan doen nie. Maar met die krag van die geloof moet hulle hulself beywer om te doen wat hulle nog wel kan doen.

Ek dink nou aan die stryd van Israel teen Amelek in die woestyn, by Rafidim. Josua het teen Amelek in die vlakke gestry. Maar Moses het op die top van die berg gestaan en het sy staf na die hemel opgehef. Dit was natuurlik nie net 'n leë gebaar nie. Moses het daarmee die hulp van die HERE afgesmeek.

En dan sien ons dat, sodra hy die staf laat sak het omdat sy hande moeg geword het, Amelek die oorhand gekry het. Toe het hulle 'n klip opgerig waarop Moses kon sit en Aaron en Hur het sy arms ondersteun sodat hy die staf na die hemel uitgereik kon hou. En so het hulle die oorwinning behaal. Deur die geloofsgebed, wat deur middel van die opgehewe staf na die hemel opgestyg het. So kan ons tot in hoë ouderdom, solank as wat ons kan bid, ons plek in die strydende kerk inneem.

Laat ek dit so saamvat: Ons lewe moet heeltemal deur diensvaardigheid aan die Here bestempel word. Tot in hoë ouderdom.

Wat die diens aan die Here betref, die Here stuur ons nooit met pensioen of emeritaat nie. En van vervroegde pensioen is daar glad nie sprake nie. Ook as ons net een talent oorgehou het, mag ons dit nog steeds nie begrawe nie.

*Naskrif: Hierdie artikel is oorgeneem en vertaal uit die boekie van ds CG Bos, De bejaarde: ons een zorg! (uitgegee deur Oosterbaan & Le Cointre, Goes, 1988, in die Pastoraal Perspektief-reeks) □*

---

## WANNEER DIE AAND AANBREEK...

Ds. CF Nicholson

### TEMA: MOEITES EN SEËNINGE VAN DIE OUDERDOM

**Die verskillende menslike ontwikkelingsfases kan met die verskillende fases van 'n dag vergelyk word. Een van hierdie fases van die mens is bejaardheid. Dit is gewoonlik die tyd waarin 'n persoon uittree uit die diens waarin hy of sy vir die meeste van hulle lewe gearbei het. Bejaardheid is dan die fase waar die son ondergaan of waar die laataand aanbreek. Hoe staan ons teenoor hierdie lewensfase? Watter houding neem ons in teenoor die bejaardes van vandag?**


Vroeg in die oggendure blink die horison silwergrys. Dit kondig aan dat die mensdom 'n nuwe dag mag ver wag. Daar vind 'n ryke kleurverandering plaas en die silwergrys oggendlug verander in skakerings van ligblou. Spoedig breek daar geel en oranje uit totdat die son helder goudrooi oor die horison loer

of self probeer om oor die bergtoppe te klouter.

Dit is wonderlik om die aanbreek van 'n nuwe dag te aanskou! Dit is veral aangenaam en wonderlik op 'n koue wintersmôre, want gaandeweg begin die sonstrale die koue van die nag te verdryf. Wat ons nie

altyd beseef nie is dat die son terselfdertyd besig is om te daal aan die anderkant van die horison. Ander mense sien die son wegsak agter die gesigseinder. Die dag sterf 'n stadige dood, maar dit is nie die einde nie. Daar is nog die nag. Alhoewel die warmte met sy helder bypassende kleure verander in koue en gepaardgaande donker, en die nagtelike ure begin naderkruip, mag daar nog vele wonderlike ure van die laat aand en vroeë nag voorlê.

Dagbreek en skemer dra ook 'n ander boodskap. Die vars oggendlug en helder silwergrys horison kondig met trots 'n jong moeder se swangerskap aan. Spoedig skenk sy geboorte aan 'n nuwe lewe. Die lewe breek aan met die vreugde van warmte en opwinding by die geboorte van 'n nuweling. 'n Nuwe



*Adam vertel aan sy kinders van die groot dade van die Here*

dag het aangebreek. Die eerste dag van die lewe van 'n nuwe mensie. Die trane van vreugde en blydschap rol oor die wange van die jong trotse moeder met die geboorte van haar kind - dit is die dagbreek; terwyl die trane van gebrokenheid en rou oor die wange van die hartseer bejaarde vrou rol oor die sterwe van haar lewensmaat - dit is die laat-aand en die nag van die lewe. Geboorte en sterwe; een moment in God se hand, maar vir my en jou, twee momente van 'n volle leeftyd! "Alles het sy bepaalde uur... 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe" sê die Prediker (hfst. 3:1,2). Sommiges het 'n kort lewe, ander weer word baie oud en beleef 'n wonderlike fase van bejaardheid.

### **DIE NAMIDDAG**

Die aanbreek van die namiddag kan gesien word as die aanbreek van die lewensfase van die mens wat ons bejaardheid noem. Hoe dink ons oor hierdie lewensfase? Wat is ons gesindheid teenoor bejaardheid? Wat is ons houding en hoe tree ons op teenoor bejaardes?

Vir baie mense is die aanbreek van die namiddag problematies, want daar is nie meer veel tyd oor om iets te vermag nie. Daarby is jy moeg van jou dagtaak en jy wil uitspan en rus. So, meen sommige, is dit ook met bejaardheid. Maar, indien ons bejaardheid as die namiddagfase van die lewe sien dan begaan ons 'n fout, want dan dink

ons nie reg oor bejaardheid nie. Daar kan nog baie vermag word na die namiddag. Die laataand en vroeë nag kan nog met veel vrug benut word. So moet bejaardheid gesien word, aangesien bejaardheid potensieel die langste lewensfase van die mens kan wees. Alhoewel bejaardheid eiesoortige spannings en eise bevat, hoef ons nie negatief daarvoor te oordeel nie. Die manier hoe ons oor bejaardheid dink bepaal dan ook ons gesindheid teenoor bejaardheid.

Sedert die Industriële Rewolusie het groeiende verstedeliking, industrialisasie, materialisme, en kapitalisme met sy strewe na optimale produktiwiteit, meegebring dat daar gestreef word na 'n jeug-georiënteerde samelewing. Negatiewe idees omtrent bejaardheid is aan die toeneem, want bejaardheid word geassosieer met verlies aan energie, beheer, buigsaamheid, fisieke beweeglikheid, seksualiteit, geheue en selfs ook intelligensie. Mense vrees genoemde aspekte van die verouderingsproses.

Met die afsterwe van 'n bejaarde het die son gesak oor 'n lang lewe. Hierdie sterwensuur mag in die laatnag van die lewe van 'n mens wees. Tot op daardie moment van sterwe, is die bejaarde nog deel van die samelewing. Ongelukkig is dit so dat die samelewing in die laataand van die bejaarde nie altyd vriendelik en simpatiek teenoor die bejaarde staan nie. In die oë van

die wêreld het die bejaarde sy tyd op aarde gehad en word hy as 'n las vir die samelewing gesien. Dit gaan dan veral daarom dat die bejaarde nie meer produktief is nie, maar as gevolg van verswakke gesondheid dikwels versorging en mediese behandeling nodig het. Daar word dan nie in die oog gehou dat die bejaarde wel op sy dag bygedra het tot die arbeidssektor, ekonomie, sport, kerk en gesinslewe nie. Baie jare se diens is gelewer en dit het dikwels met moeite en selfopoffering gepaard gegaan.

### **EERBIED EN RESPEK**

In die Woord van die Here vind ons 'n heel ander houding teenoor die bejaarde. Aangaande die bejaarde getuig die Bybel op velerlei wyses. Ons lees in Lev. 19:32: "Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die HERE". Die eerbied en respek vir 'n bejaarde word gekoppel aan die vrees vir God. Dit gaan dus nie net om die bejaarde teenoor wie ons eerbied betoon nie, maar dit gaan om God wat aan die bejaarde sy genade en seëninge bied deur gesondheid, liggaamskrag en 'n hoë ouderdom. God gun aan die bejaarde die lewensvreugde om sy kinders en kleinkinders te mag geniet. Ten spyte van laste en sorg, mag die bejaarde terugkyk op 'n vol lewe. Hy mag nog die laatnag van die lewe ervaar as genade van God. Deur op te staan en eer te betoon aan 'n bejaarde, eer jy vir God jou Skepper. Daar is dus 'n bepaalde kwaliteit en hoë waarde te vind in die lewens van bejaardes. Spreuke praat van die grysheid as 'n sierlike kroon. Die kroon volg as ons geregtigheid najaag in die lewe; as ons reg lewe soos God dit van ons vra.

Die vrees van die HERE moet van kindsbeen af vir die kinders geleer word. Kinders moet ook daarop gewys word dat respek en eerbied vir ouer persone gebaseer is op die eer wat ons aan God moet bring.

Ouer persone, veral ons ouers en grootouers, word oor die kinders aangestel, aangesien hulle 'n posisie van gesag beklee (vgl. Efes. 6:1). Hierdie posisie van gesag word aan die ouers toevertrou, omdat dit die beginsel en wyse is waarop God orde handhaaf in die gesinslewe. Ons kan sê dat God deur die ouers regeer om ons kinders die regte weë te leer. Hierdie gedagte verwoord Dawid in Ps. 34:12: "Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die Here leer".

Wanneer daar gepraat word van kinders wat hulle ouers moet eer, dan geld dit natuurlik ook vir volwasse kinders wat heel waarskynlik getroud is en ook kinders van hul eie het. Dit is juis in so 'n fase van volwassenheid waar die jong ouerpaar se ouers en skoonouers op hul beurt die fase van bejaardheid betree.

#### **GEDULD MET GEBREKE**

Daar moet met groot omsigtigheid te werk gegaan word by bejaardes. Die jong geslag se houding moet een wees van eer, respek, liefde en geduld. Tog beteken respekvolle behandeling nie dat die gebreke en tekortkominge van die bejaarde oorgesien word nie. Daar moet rekening gehou word met die sondige aard van die mens. CG Bos in "De bejaarde: ons een zorg!" wys daarop dat daar verkeerde karaktertrekke by die bejaarde dikwels skerper na vore kom namate die

ouderdom vorder. Die redes hiervoor sê Bos is dat die selfkontrole en selfbeheersing dikwels afneem. Dan tree bejaardes onhebbelik op en raak hulle ook lastig en ongeduldig. Sulke optredes gaan dikwels gepaard met die toeneem van die ouderdom en gepaardgaande agteruitgaan van bepaalde liggaamlike funksies. So mag 'n bejaarde baie ongeduldig raak as hy nie meer goed kan hoor nie. Soms voel hy dat mense agter sy rug oor hom praat. Dit is onder sulke omstandighede dat die kinders, familie en vriende geduld moet beoefen.

Soms moet daar korrigerend opgetree word teenoor bejaardes, veral as dit in hulle eie belang is. Hieroor getuig die Skrif in 1 Tim. 5:1,2 soos volg: 'n Bejaarde man moet jy nie hard bestraf nie, maar vermaan hom soos 'n vader... en ...bejaarde vroue soos moeders...

#### **TWEE KANTE VAN EEN MUNT**

As dit kom by die eer en respek vir bejaardes dan kom die eerbetoning nie net van een kant af nie. Bejaardes moet van hulle kant af toesien dat hulle eer en respek afdwing in die samelewing. Bejaardes mag moed skep vanuit die Woord van die Here en hulle hoë ouderdom as 'n seën uit die hand van die Here sien. 'n Hoë ouderdom is geen ellende of verdriet wat hulle tref nie. Hulle is nie uitgelewer aan die noodlot nie, maar hulle mag hulself oorlewer aan die genade van God wat ons in Christus Jesus vind.

Dikwels ly bejaardes aan 'n minderwaardigheidskompleks. Hulle gee boedel oor op hulle oudag en dan verloor hulle hul selfrespek. Sonder selfrespek kan daar ook nie enige respek teenoor ander afdwing word nie. Die ouderdom moet nie net gelate aanvaar word nie. Daar is nog baie wat gedoen kan word in die laataand of die vroeë nag van die lewe. Bejaardes moet hulle nie terugtrek uit die samelewing nie. Met hulle rype lewenservaring en

kennis kan hulle vir heelwat mense nog tot nut wees. Iemand het gesê dat die bejaardes soos 'n skatkis is waaruit ons die skatte mag gaan haal. Daarom is eer en respek twee kante van dieselfde munt. Bejaardes moet geëer word, maar hulle moet ook eer afdwing met hul optredes.

Dit is veral binne die kerk, tussen die gemeenskap van die gelowiges en die gemeenskap met God, waar die bejaarde 'n ereposisie verdien. Hulle is die voorlopers in die gemeente; dikwels was hulle ook nog deel van die ouderlingekorps. Dit is hier waar hulle wysheid, algemene kennis, Skrifkennis, mense ervaring en ondervinding van groot betekenis is. Op huisbesoek moet die gemeente besondere sorg dra vir die bejaarde. Die ampsdraers moet toesien dat die bejaardes besondere eer van die gemeente ontvang.

#### **"GEDENK JOU SKEPPER"**

"Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid", adviseer die Prediker (hfst. 12:1), want daar kom ongelukkige dae en die jare sal aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie. Daar kom wel 'n tyd waarin die bejaarde belangstelling verloor in alles rondom hom. Dit is die tyd "wanneer die son verduister". Prediker 12 beskryf die naderende dood en bied 'n algemene tipering van die ouderdom en die liggaamlike aftakeling. Hy vergelyk die ouderdom met donkerte. Wanneer die silwerdraad breek en die goue oliekrui en die kruik by die fontein stukkend is en die olie en water uitloop, keer die gees na God terug. Dan moet daar van jou en my wat agterbly gesê kan word: Hy het sy vader en moeder geëer, mag sy dae verleng word in die land wat die Here sy God aan hom gee (Eks. 20:12). Dan mag jy nog 'n keer die son sien opkom in al sy glorie en ook sy sterwe aanskou teen die namiddag horison. Dan mag jy jou God eer vir nog 'n dag by jou lewe gevoeg. ☩

#### **Lesers in Nederland**

**Ons wil ons lesers in Nederland graag daarop wys dat die adres van die administrasie aldaar verander het. Sien asb. bladsy 2 hiervoor. Alle korrespondensie sal oorgedra word.**

# “ONS HET ALTYD DIE SEËN VAN DIE HERE ERVAAR”

- Onderhoud met br en sr Haak

Mariaan Hordijk

TEMA: MOEITES EN SEËNINGE VAN DIE OUDERDOM

Ps 90:10a - “Die dae van ons jare - daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is tagtig jaar.” Aan die hand van die tema “Bejaardes” het die redaksie besluit om ’n onderhoud te voer met ’n egpaar in die lewensfase tussen sewentig en tagtig jaar. Broeder Ko Haak het pas ses en sewentig geword. Sy vrou, suster Ma Haak, is so drie jaar jonger. Hulle is reeds vir 50 jaar in die eg verbind. Hulle is die afgelope drie jaar lidmate van die VGK Pretoria-Maranata.

Met br en sr Haak se aankoms in Suid-Afrika 35 jaar gelede, was hulle eers in Kaapstad woonagtig en lidmate van die VGK aldaar. Later het werksomstandighede hulle na Johannesburg laat verhuis, waar hulle lidmate van die kerk aldaar was totdat hulle dan drie jaar gelede na Pretoria verhuis het.

Toe ek op ’n Sondagaand na kerk by die woning van broeder en suster Haak in stap, word ek eers vereer op ’n toer deur hulle huis, waarop hulle baie trots is. Tot my skande moet ek erken dat dit die eerste keer is dat ek oor hulle drumpel gestap het. Daarna word ’n welkome koppie koffie aangebied, waarna ek van voorneme is om met my “onderhoud” te begin.

*Br. Haak:* “Mariaan, ons het die vorige artikels wat jy vir die KOMPAS geskryf het, nagegaan.”

*Sr. Haak:* “Ja, op die een van die Saamtrek dag sou ek nie kon verbeter nie.”

*Br. Haak:* “Ons vertrou jou dus wel om iets sinvols hiervan te maak.”

*Mariaan:* “Wel, baie dankie vir u vertrouwe in my.”

*Sr. Haak:* “Hoekom moet

die onderhoud nou juis met ons wees?”

*Mariaan:* “Die redaksie wil ’n Kompas uitgee met “die bejaarde” as tema. Hulle het dit goed gedink om ’n onderhoud met ’n bejaarde egpaar in te sluit. Ds. De Visser het u voorgestel.”

*Br. Haak* gee ’n laggie wat deur die loop van die aand kenmerkend van hom blyk te wees.

*Br. Haak:* “Natuurlik, nou maak dit sin. Ek moes geweet het Arjan sit daaragter”

*Sr. Haak:* “Mariaan wat wil jy nou eintlik van ons weet?”

Nou moet ek my kans waarneem!

## HOE SIEN U U PLEK IN DIE SAMELEWING NOUDAT U NIE MEER DEEL VAN DIE EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING IS NIE?

Ja, ons merk dat ons ouer word. Ons liggame het nie meer die krag van vroeër nie. ’n Mens moet die afbraak aanvaar. Maar ons is ontsettend tevrede met ons lewe wat agter ons lê. Ons het altyd die seën van die Here in ons lewe ervaar. Ons kon altyd tasbaar sien dat hy vir ons sorg. Al was ons soms in moeilike kerklike situasies, of al moes ons teenlae in ons eie lewe dra, sien ons dit as ’n louteringsproses wat van ons sterker gelowiges en ryper mense gemaak het. Ons het nog altyd daarin geglo om vorentoe te kyk.

## WAAR PAS U NOU IN DIE KERKLIKE LEWE IN?

Ons betrokkenheid by die kerk het altyd sentraal in ons lewe gestaan. Ons was altyd aktief en bereid om te werk. Tog plaas veroudering ’n demper op alles. Ons mis die veerkrag van vroeër. Ek is op 72-jarige

ouderdom deur die gemeente van Johannesburg as ouderling benoem. Ek het na groot huiwering die benoeming aanvaar. Ek het egter gou gemerk dat dit vir my moeilik is om die las te dra. Dit was veral vir my moeilik om vinnige besluite te neem en by te hou by die tempo van kerkraadsvergaderings. Ek het meer tyd nodig gehad om sake te oordink as wat



vroeër die geval was. Ek het gevoel ek rem die werking van die kerkraad. Dit was vir ons 'n moeilike tyd. Ek het daardie verantwoordelijkheid liever oorgegee aan die jonger broeders.

### **WAS DIT NIE VIR U MOEILIK OM BESLUITNEMING OOR TE GEE AAN DIE VOLGENDE GENERASIE NIE?**

Geensins. Ons het deur die jare tasbaar gesien hoe die Here sy kerk bewaar ondanks menslike foute en swakhede. Ons het baie ontsag en eerbied vir wat ons vaders aan ons oorgelewer het in die drie formuliere van eenheid en die kerkorde. In my ampswerk het ek my daarvoor beywer om ons kerk daarby te hou en dit uit te leef. Tog hou ons nie van die woord "konserwatief" nie. Ons is voorstanders van verandering, mits daar behoorlike bewyse is om die verandering te regverdig, en dit tot stigting van die kerk is. Ek moes al vele sinodes as afgevaardigde bywoon. Die sinode van 2002 was egter die beste sinode wat ek nog beleef het. Die vraagstukke is konstruktief benader en deurgrond. Dit was veral vir ons verblydend dat soveel kwesies behoorlik opgelos, of minstens goed geformuleer is en konkrete doelwitte gestel is. En dit is 'n sinode wat ek net as besoeker bygewoon het. Ek het geen inspraak in die besluite gehad nie. Ja, inderdaad, die Here bewaar sy kerk.

### **HOE VOEL U OOR DIE TOEKOMS VAN DIE KERK?**

Dit was nog altyd die Here wat sy kerk bewaar het. Ons het dikwels moeilike tye saam met die kerk meegemaak. Ons is oortuig dat daar in die toekoms ook nog groot bedreigings vir die kerk sal wees. Ons oortuiging dat die Here sy

kerk sal bewaar, solank as die kerk in die waarheid wandel, is egter nog groter.

### **SUSTER HAAK, HOE HET U DIT ERVAAR NADAT AL U KINDERS DIE HUIS VERLAAT HET?**

My vrou het ons ses kinders feitlik alleen grootgemaak. In Nederland moes ek baie oortyd werk, wat haar alleen met die kinders gelaat het. Dit was een van ons oorwegings vir emigrasie. Met ons aankoms in Suid-Afrika het die kerk van Kaapstad deur 'n moeilike tyd gegaan. Dit het baie insette van ons as ampsdraers gevra. Weereens moes my vrou alleen die kinders en huishouding hanteer (dit word alles met trots en dankbaarheid deur broeder Haak vertel). Suster Haak sê: "Geniet jou kinders solank hulle nog in die huis is. Ek dink met weemoed terug aan daardie dae wat nou vir altyd verby is. Tog vul dit 'n ouer met die grootste dankbaarheid as elke kind sy bestemming in die lewe vind. Dit is ook 'n ouer se grootste verdriet as 'n kind die pad sou byster raak. 'n Ouer bly altyd meeleeft met sy kinders. Ons het ook 'n groot rykdom in ons 21 kleinkinders. Sommige woon ver en ons sien hulle nie dikwels nie. Tog bly ons op die hoogte met hulle lewens en put groot vreugde daaruit."

### **IS U EENSAAM?**

Ons is dankbaar dat ons nog mekaar het. Daarom is ons nie eenzaam nie. Ons merk tog op dat ons eie generasie steeds krimp. Die mense saam met wie ons die spreekwoordelike sak sout geëet het, word steeds minder. Dit laat 'n leemte in ons lewe. Ons geniet die geselskap van jonger mense. Ons hou daarvan om hulle idees en

redenasies te hoor. Ons mis spontane besoekies soos byvoorbeeld met ons verjaardae.

### **U HET MEER TYD OP U HANDE AS VROEËR. IS DIT VIR U 'N BEDREIGING?**

Nee, ons werk nog elke dag. Tog is dit lekker as my vrou eers halfnege in die oggend vir my tee in die bed bring. Ons lees ook elke dag die koerant. So bly ons op die hoogte van hedendaagse gebeure. As mens ouer word dink jy steeds meer terug aan vroeër. Maar ons vind albei dat ons net die mooi dinge onthou. Is dit nie wonderlik nie?

### **'n BEJAARDE HET EENMAAL VIR SY PREDIKANT GESÊ: "AI DOMINEE, EK HET GEDINK: AS 'n MENS 93 JAAR OUD WORD, SAL DIE DUIWEL JOU MET RUS LAAT. MAAR NOU VAL HY MY MEER AS OOIT TEVORE AAN." WAT IS U KOMMENTAAR HIEROP?**

Ja, 'n mens bly jou lewe lank jou eie grootste vyand. Jy bly worstel met uitverkieping en geloofsekerheid. Maar preke soos die van vanaand hou ons staande. (verwys na 'n preek van ds JR Visser oor Dordtse Leerreëls, Hfst. 5, art 9.) Ons het al dikwels langs die sterfbed van gemeentelede gestaan. Ons het keer op keer gesien hoe die mense 'n loutering ondergaan. Nie een het gesterf voordat ons kon sien dat die Here hulle met vrede gevul het nie. Ons weet ons dae word minder. Ons leef in die volle vertroue dat die Here ons ook volkome gereed sal maak vir ons eie sterfdag.

### **HET U 'n BOODSKAP VIR DIE LESERS VAN KOMPAS?**

Vasbyt! ☩



# ARBEID EN AFTREDEBEPLANNING

## - Besinning vanuit 'n Christelike perspektief

Wim Hofsink

### TEMA: MOEITES EN SEËNINGE VAN DIE OUDERDOM

**Beroepskeuse en die daarmee gepaardgaande aftredebepanning is van uiterste belang. Daar is soms 'n geneigdheid om die dinge te verwaarloos of minder belangrik te ag as ons nog jonk en in die fleur van ons lewe is. Verder moet ons ook bewus wees van wat die afgelope tyd gebeur het t.o.v. finansiële beleggings, wettig of onwettig. 'n Goeie, welderdagte finansiële beplanning is wel noodsaaklik, maar dit moet ook nie gaan ten koste van jou verantwoordelikheid in die hede nie. Elkeen van ons het natuurlik sy eie unieke behoeftes en belange binne sekere omstandighede en dit is dus moeilik om baie spesifiek hieroor te wees. Ons kan hierdie sake as gelowiges egter nie alleen aanpak nie. Hierin moet ons ook ons afhanklikheid van Christus sien en vra. Miskien is dit tog goed om oor hierdie prosesse 'n slag te besin.**

Die meeste van ons is of was bevoorreg om uit 'n Christelike huisgesin te kom met goeie Christelike waardes en norme. Ons mag Christelike onderwys ontvang vir sover dit moontlik is, wat van kardinale belang is om later in ons lewe belangrike geloofsbesluite te kan neem. Ook as dit oor finansiële aspekte gaan. Hierna volg ons gewoonlik hoër beroepsgerigte onderwys of begin jy moontlik al vir werk soek. Hierdie fase is jou rigtingwyser vir die toekoms. In ons beroepskeuse oorweeg ons natuurlik ook wat die Here behaag. Dit kan soms wees ten koste van 'n meer aantreklike beroep wat geld betref.

### JOU BEROEP EN BEPLANNING

Ons is almal, veral in vandag se tyd bly en dankbaar as ons 'n goeie werk mag kry. Ons het natuurlik verantwoordelikhede ten opsigte van ons gesin, kerk en skool wat ons moet nakom. In hierdie fase van jou lewe is dit ook belangrik dat jy moet besin oor jou ander verantwoordelikhede as broodwinner(s). Die volgende is die mees basiese waarna jy moet kyk:

- Moontlike afsterwe van die broodwinner(s)
- Moontlike siekte/ongeskiktheid van broodwinner(s)
- Moontlike afdanking van broodwinner(s)
- Aftrede van broodwinner(s)

By die moontlike afsterwe is daar natuurlik die sogenaamde lewenspolis wat uitgeneem kan word (verskillende moontlikhede).

By moontlike siekte is dit buiten die daaglikse siektevoorsiening by 'n mediese fonds of versekering ook belangrik om te kyk na jou siekteversekering na aftrede. Die moontlikheid om medies ongeskik verklaar te word is ook daar en derhalwe moet daar ook voorsiening vir gemaak word.

Daar moet ook voorsiening gemaak word vir moontlike afdanking, hetsy as gevolg van slegte ekonomiese toestande, of swak finansiële bestuur deur jou werkgever.

Beplanning vir aftrede behels normaalweg beleggings in 'n pensioenfonds of annuïteite deur jou en jou werkgever. Indien jy vir jouself werk neem jy dienooreenkomstig 'n versekering of pensioen uit.



As ons kyk na bogenoemde verantwoordelikhede besef 'n mens gou dat dit deeglike beplanning kos om vir al hierdie dinge voorsiening te maak.

Daar is ook soms 'n geneigdheid om minder aandag aan hierdie dinge te gee wanneer daar finansiële moeilikhede opduik, of om meer aandag te gee aan ander behoeftes waarvan jy nou kan geniet.

### AFTREDE EN PENSIOEN

Die normale gang van die lewe in die maatskappy is dat 'n broodwinner aftree rondom die ouderdom van 60 jaar. Ons mag baie bly en dankbaar wees as ons in goeie gesondheid hierdie stadium van ons lewe mag bereik. Dit kan egter 'n baie moeilike en frustrerende tyd raak indien jou finansiële beplanning jou nou ontugter:

- Die waarde van jou belegging kon afgeneem het as gevolg van die ekonomie en inflasie
- Jou siekteversekering blyk nie voldoende te wees nie

As gevolg daarvan kan dit gebeur dat mense aanhou werk om die finansiële sy van hulle lewe te laat klop ongeag gesondheidstoestand.

In sulke situasies kan 'n mens ook paniekerig raak. Dit het ons nou juis die afgelope tyd gesien in die KRION en soortgelyke piramiedetipe skemas. Veral pensioenarisse word gelok om groot bedrae geld (soms alle pensioengeld) te belê om sodoende reusagtige dividende te verkry op hulle beleggings om dan kommersvry die lewe te kan

geniet. Dit is baie aantreklik, maar as mens die uiteinde van so 'n mislukte belegging sien, veroorsaak dit baie haatgevoelens en hope selfverwyd.

Dit gebeur egter ook dat aanvaarbare en wettige pensioenskemas of beleggings kan skeefloop. 'n Voorbeeld hiervan is die onlangse gebeure by Saambou Bank alhoewel die uiteinde wel positief was. Die ekonomie, veral in Suid-Afrika, is baie sensitief, en sekere politieke gebeure of selfs natuurrampe kan 'n invloed hê op beleggings of versekerings.

### **ALGEMEEN**

Die grootste kwelvraag is gewoonlik: "Op wie kan ek vertrou met die ontleding en advisering van my finansiële beplanning?" Elke bemerkering se opsies is gewoonlik die beste. Dit is beslis 'n moeilike vraag om te beantwoord. Sekere bemerkers roem op hulle Christelike beginsels in hantering van jou sake, maar dit kan soms gebeur dat eie gewin 'n groter rol speel.

Moet ons dan nou maar agteroor sit en besluit dat dit tog maar alles niks help nie, as gevolg van te veel onsekerheid en agterdogtigheid? Kan ons maar aanneem dat ons 'n diakonie het wat na ons sal omsien as dinge nie vir ons sal uitwerk nie?

God het ons geskape as verantwoordelike wesens om as sy onderkoning te regeer. Om te regeer beteken ook dat jy verantwoordelikheid aanvaar vir jouself, vir jou gesin en vir jou toekoms. Ons kan ons nie onttrek aan ons verantwoordelikheid nie, en die dinge gewoon sy loop laat gaan in die hoop dat dit reg sal kom nie. Dit sou ook daarop kan neerkom dat ons God versoek. God het ons nie verniet

begiftig met 'n verstand nie. Ons sal dan ook op 'n verstandige manier en na vermoë maatreëls moet tref vir die toekoms van ons en ons gesin.

As ons nou al die situasies wat bespreek is van skoolier tot pensioenaris bekyk, kan die volgende praktiese riglyne ons moontlik help:

- Besef jou verantwoordelik-hede reeds op 'n vroeë stadium van jou lewe en moenie uitstel nie.
- Bepaal jou noodsaaklike uitgawes en beplan die res binne jou finansiële raamwerk.
- Kry kundige advies en verkry 'n tweede of derde opinie voordat jy 'n finale besluit neem ten opsigte van beleggings of versekerings.
- Doen gereelde ontledings en waardebevestigings ten opsigte van beleggings en versekerings en pas aan indien nodig.
- Doen sake met wettige aanvaarbare instansies om jou geld te belê.

### **CHRISTELIKE PERSPEKTIEF**

Bogenoemde sake is belangrike dinge in ons alledaagse lewe, en soos reeds genoem het ons ook 'n groot verantwoordelikheid op hierdie gebied. Dit het egter ook net 'n betreklike waarde. Met soveel moeite en ellende (vir ryk of arm) wat hierdie alledaagse dinge in die lewe vir ons kan gee, kan dit egter nie los staan van ons enigste hoeksteen Jesus Christus nie. As ons hierdie hoeksteen nie gebruik in die bouwerk van ons lewens nie, sal alles ook tevergeefs wees. Ongeag die beste en omsigtigste beplanning, weet ons dat die Here ons lewenspad bepaal. Die pad wat Hy met ons loop kan ook heeltemal anders wees as wat ons self beplan het, dit kan dus ook 'n moeilike pad wees. In die boustruktuur



met as hoeksteen Jesus Christus is ook die diakonie. Dit is die diens van barmhartigheid wat betoon word en is deur Christus self ingestel. Binne Christus se bouwerk, die kerk, sien ons as broeders en susters na mekaar om en versorg ons mekaar in voorspoed en teëspoed. Ons mag ons bekommernisse ook op Hom werp. 'n Pragtige samevatting ten opsigte van ons Christelike perspektief vind ons dan ook in Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus:

*Vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?*

*Antwoord: Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar dat sonder die wil van my Hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja ook, dat alles tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe.*

In Christus alleen is jou lewe dus veilig in lewe en in sterwe. ☩

# TWEE KERKE RAAK 'VERLOOF'

## - Die tweede fase van eenheid tussen gereformeerde kerke in Noord-Amerika

Ds. Dirk Maurits Boersma

### RONDOM DIE KERK: BUITELAND

**Ons Kanadese susterkerke, die Canadian Reformed Churches, het aan die begin van die jaar hulle asem ingehou. Wat sou die URCNA-kerke (United Reformed Churches in North America) besluit oor verdere eenheid met hulle? Die URC-sinode van 2001 het 'n nuwe pad gevolg: alle kerke is eers gevra om met die besluit in te stem.**

#### GOED OP PAD

Die eenheid tussen die Canadian Reformed Churches (CanRC) en die URC gaan terug tot vóór die jaar 2000 (sien die artikel in die Mei-uitgawe van Kompas van dié jaar). Nadat die kerkverband van die URC in 1996 ontstaan het uit kerke wat vanaf 1990 uit die Christian Reformed Churches getree het, het daar kontakte begin groei met ander gereformeerde kerke. Die verskille is veral histories, vanweë die afsonderlike ontwikkeling van die kerke. In terme van leer en kerkregering is daar groot ooreenstemming, omdat hulle dieselfde gereformeerde belydenisskrifte en Dordtse Kerkorde as basis het.

Tot 2001 het die kontakte verder gevorder. Selfs so, dat die sinodes van beide kerke wat Juniemaand vergader het, besluit het om tot 'n volgende fase van eenwording oor te gaan.

Die eerste fase was een van wedersydse erkenning en verkenning. Dit het gehelp om mekaar se geskiedenis en agtergrond te verstaan. Deur baie gesprekke tussen deputate en plaaslike kerkrade het ook 'n duideliker beeld ontstaan van die verskille in benadering in liturgie, teologiese opleiding, ensovoorts.

#### VRAAGTEKENS

Vanweë die belang van kerklike eenheid vir die plaaslike kerke, het die URC sinode besluit om eers te vra

dat alle kerkrade met die sinodebesluit instem. In Januarie hierdie jaar het die resultate bekend geword. Na 'n amper unanieme besluit tydens die sinode wek dit verbasing dat net effens meer as die helfte van die URC-kerkrade (40) positief is; 24 was teen, terwyl 12 nie gereageer het nie. Dit roep vraagtakens op. Is die plaaslike URC-kerke dan tog nie so begerig na eenheid met die CanRC nie?

In 'n artikel in *Clarion*, die blad binne die CanRC, word die redes vir die terughoudende reaksie nagegaan. Baie URC kerke voel dat die proses tot plaaslike eenheid te vinnig verloop. Hulle het self nog maar 'n paar jaar terug ontstaan, en het behoefte om eers te konsolideer en alles op orde te kry. 'n Ander rede is, dat party kerkrade meen dat heelwat plaaslike sake dringender is as eenheid met die CanRC.

Wanneer mens die afstande tussen kerke in Noord-Amerika beskou, en bedink dat die CanRC oorwegend in die VSA is, kan jy verstaan dat eenheid tussen die kerke in baie plekke nie veel aan die plaaslike situasie sal verander nie. Dit lyk dan asof plaaslike sake dringender is. Tog is dit goed wanneer 'n sinode verder kyk, en die saak van kerklike eenheid as 'n prioriteit beskou. Dit is Christus se bevel. Verdere eenheid sal ook tot versterking van die kerke as geheel lei, wat ook vir die plaaslike kerke van betekenis sal wees. Ten slotte moet nie vergeet word nie dat baie URC kerke alreeds 12 jaar terug ontstaan het, dus sal die proses van konsolidering tog seker afgerond wees.

#### POSITIEWE BEELD?

'n Ander saak wat aandag verdien, is die beeld wat die URC van die CanRC het. Daar is vanweë die

verdeling tussen Kanada en die VSA groot onbekendheid met mekaar op plaaslike vlak. Dit is ook 'n rede waarom baie URC kerke daarteen gestem het, of net nie gereageer het nie.

In die afgelope jare het duidelik geword, dat die CanRC nie orals 'n goeie naam het nie. Reaksies in *Christian Renewal*, 'n gereformeerde tydskrif, wys uit dat baie lesers 'n gebrekkige en selfs 'n negatiewe beeld het. In die algemeen bestaan die indruk dat die immigrantekerke van Nederlandse afkoms nogal oortuig is van hul eie gelyk, die monopolie op die gereformeerde belydenisskrifte lyk te hê, en geen kinders van ander kerke tot hul gereformeerde skole toelaat nie. Die vorming van hul eie kerke, en latere plaaslike verskille en beskuldigings het na buite die indruk gewek van 'n kerk wat geslote en sektaries is. Binne die URC bestaan die vrese dat die kerklike eenheid deur deputate gestoomroller word.

Intussen is deur inligting al heel wat gedoen om die CanRC bekend te stel. Artikels is geskryf en kontakte het oor en weer ontstaan. Binne die CanRC het ook 'n bewuswording plaasgevind van die beeld wat hulle opgeroep het, en word daaraan gewerk om die negatiewe beeld reg te stel.

Ds J Visscher skryf in *Clarion*: "Laat ons nie ontken dat daar van ons kant dinge gedoen en gesê is wat nie reg was nie. Met die beste bedoelings het ons partykeer die verkeerde pad gekies. Maar ons moet nou volwasse genoeg wees om ons foute te erken, en onself ernstig voorneem om die verhoudings te herstel en van nou af steeds die pad van waarheid, liefde en eenheid te stap. Dit is wat ons sinode in sy besluite t.a.v. die

URC, maar ook ten aansien van die ander gereformeerde kerke, gedoen het.”

### HOE VERDER?

Hoewel dit deur 'n klein meerderheid binne die URC aanvaar is, gaan die proses van eenwording tog voort. Dalk sal dit effens stadiger verloop, en moet meer moeite gedoen word om die kerke wat vraagtekens het in te lig, en met hulle kontakte op te bou. Die tweede fase van eenwording sal sowel op plaaslike as op landelike (federatiewe) vlak inhoud moet kry.

Die basis daarvan is wedersydse erkenning as kerke van Christus, ook deur plaaslike kerkrade. Onderlinge persepsies moet reggestel of weggeneem word. Deputate van beide kerke het 'n 'Statement of Agreement' opgestel, wat deur die onderskeie sinodes goedgekeur is. Hieruit blyk ooreenstemming oor die volgende punte, wat die identiteit van die kerk bepaal: die kerkgeskiedenis (erkenning van die ontstaan van beide kerke in 1944 en 1990), die leer oor verbond en kerk, die kerkorde, prediking, sakramente en tug.

Op hierdie basis kan na allerlei vorme van plaaslike samewerking gesoek word: gesamentlike ontmoetings van mannegroepe, vrouekomitees, samewerking in evangelisasie, lesings, ens. Kerkrade of hulle kommissies behoort saam te vergader om nog bestaande verskille te identifiseer.

Landelik sal afgevaardigdes na mekaar se klassisse en sinodes gestuur word. Verder is besluit om op drie terreine d.m.v. deputatskappe verskille in werkswyse aan te spreek en tot oplossings te kom: die kerkorde, liedbundel en teologiese opleiding.

M.b.t. die kerkorde is daar verskille in praktyk, soos nagmaalstoestig en verkiesing van ampsdraers. Op liturgiegebied het beide kerke verskillende 'Books of Praise'. Beide kerke wil die Psalms daarin behou en daarby gesange ('hymns') hou wat reg doen aan die Skrif en die belydenisskrifte.

M.b.t. teologiese opleiding is daar 'n moeilike besluit wat voorlê. Die CanRC het hul eie kerklike opleiding in Hamilton, Kanada, terwyl die URC-predikante opgelei word

in onafhanklike opleidings: die Mid-American Reformed Seminary (MARS) in Iowa en aan Westminster West in Kalifornië, beide in die VSA. Daar is verskille in agtergrond en struktuur (Europees vs Amerikaans), en in toelatings- en afstudeereëreistes. Die opdrag vir die kommissie is om ten minste een van die opleidings as die ampelike opleiding vir die kerke voor te stel en te bepaal watter opleiding(s) verder goedgekeur word vir opleiding van predikante. Omdat die teologiese opleiding vir 'n groot deel die behoud van eie oortuigings binne die kerke waarborg, sal daar nie maklik tot opheffing van bestaande teologiese opleidings oorgegaan word nie.

Hopelik sal verdere toenadering aan die lig bring dat die ooreenkomste in die leer só groot is, dat daar geen behoefte meer is om 'n eie 'kleur' te handhaaf nie. Ware eenheid berus op 'n gelowige verstaan en aanvaarding van die Woord van God.

Verdere inligting oor die kerke kan gevind word op die volgende webwerwe:

URC: <http://www.iserv.net/~bethany/URC.htm>

CanRC: <http://www.canrc.org> ♣



### FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria  
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031  
Faks 012 329 5927

#### SODAT MY HUIS VOL KAN WORD

– Reformatoriese perspektiewe op ons evangelisasieroeping vandag. Hierdie boek wil die dringende behoefte van die volgende twee sake beklemtoon. Eerstens: grondige besinning in reformatoriese kringe oor ons evangelisasieroeping vandag. Tweedens: 'n praktiese handleiding by evangelisasiewerk. Prinsipieel en wetenskaplik verantwoord, maar in 'n populêre trant sodat elkeen

opgeskerp sal word om hierdie roeping ywerig en verbeeldingryk aan te pak. Hierdie boek sal daartoe inspireer, en help om evangelisasie-aksies te verbeter en te verryk. R 30

VRIENDEN-DIENST – Meer dan een slaaf, - een vriend van de Heer Zesendertig preken van prof J Kamphuis met een inleiding van zijn hand. Hierdie boek is aan prof Kamphuis aangebied ter gelukwensing van sy tagtigste verjaarsdag in 2001. R178,60

THEA B. van HALSEMA: This was John Calvin. 'The most lively and readable biography of Calvin available in English' R93

Nog 'n keer u aandag vir die boek van dr Jan Visser: DIE KERKORDE IN PRAKTYK. 'n Boek wat 'n belangrike kerkregbronn is vir elke

ampsdraer, maar ook vir elke gemeentelid. R125

#### BEWAARD EN VOORTGEGAAN

– ds P Niemeijer. Ondertitel: '1926' en 'jaren zestig': om helderheid van de Schrift en de binding aan de belijdenis. 'n Deel in die reeks Woord en Wereld; die ondertitel gee al aan dat van hierdie boek veral in ons tyd kennis geneem moet word! R 57

#### TECHNIEK TEGEN HET LICHT –

Ad Vlot, professor aan die fakulteit Lug- en Ruimtevaarttegniek van die Tegniese Universiteit van Delft. Prof Vlot is in April 2002 na 'n kort, ernstige siekte oorlede. Sy bydraes op die wetenskapsbladsy van die 'Nederlands Dagblad' is in hierdie boek gebundel. Die verhouding tussen wetenskap en tegniek word deur hom beskrywe. 'n Interessante boek! R89

# DIE KERKVERBAND: 'n VERBAND VAN SELFSTANDIGE KERKE VAN CHRISTUS

Ds Rob Visser

## KERKREG

### **DIE PLAASLIKE KERK IS SELFSTANDIG**

Elke gemeente is selfstandig want hulle het van die Here ampsdraers ontvang wat saam die gemeente moet regeer. Let ook daarop hoe ons in artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely dat die kerkraad die ware kerk, dit is die plaaslike gemeente regeer. Om dit duidelik te maak haal ek die hele artikel aan:

*“Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee.”*

Hier sien ons raak hoe ook ons belydenis wys dat die wese van die kerk in die plaaslike kerk lê waar Christus ampsdraers aangewys het wat in sy diens sy gemeente moet regeer. Ons moet dan ook sê dat die kerkverband nie die kerk is nie. Dit is nie die kerkverband wat daarvoor sorg dat die ware prediking van die evangelie gehoor word nie, dat die sakramente so bedien word soos Christus dit wil nie, dat die tug op die regte manier uitgeoefen word nie. Dit is die plaaslike kerk onder die regering van die ampsdraers wat daarvoor sorg. Die wese van kerkwees lê in die plaaslike

kerk en dit maak duidelik dat die plaaslike kerk selfstandig is. Die vraag ontstaan nou of die kerkverband dan onbelangrik is. Om hierdie vraag te kan beantwoord wil ons eers die vraag beantwoord of elke plaaslike kerk outonoom is.

### **DIE PLAASLIKE KERK IS NIE OUTONOOM NIE**

Outonoom is meer as selfstandig wees. Outonoom beteken dat jy heeltemal op jouself staan en dat jy jou eie baas is. Jy staan los van alles rondom jou. Daar is verskillende redes hoekom 'n gemeente wel selfstandig is maar nooit outonoom mag wees nie. Ek noem daarvoor enkele redes:

Die kerk is in al sy dele aan Christus en sy Woord gebind. 'n Gemeente mag nooit sy gesag in homself soek nie. Hier en vir alles wat ons oor kerkregering en kerkverband sê, is dit wat ons in Mattheüs 23:8-12 lees, baie belangrik: *“Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is. Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus. Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees. Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.”*

Die gemeente wat volgens eie demokratiese siening en gedagtes wil leef, is besig om homself te verhoog, en wil nie 'n slaaf van Christus wees nie. Die kerk se eer en bestaansreg lê juis daarin dat hulle Christus wil volg en in alles aan sy Woord onderdanig en gehoorsaam wil wees. Ons bely in ooreenstemming daarmee in artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: *“Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en*

goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wys van wat Christus, **ons enigste Meester**, vir ons ingestel het nie.”

Dit mag nie so wees dat Christus se kerke los van mekaar bly staan nie. Die verskillende gemeentes vind in Christus as hulle Koning en Verlosser hulle eenheid. Hulle is saam sy volk. Die eenheid in Christus wat die verskillende gemeentes het, sien ons o.a. in Openbaring 1 raak. Christus gee daar die opdrag dat die boek Openbaring na die sewe gemeentes gestuur moet word. Sy Woord is vir alle gemeentes van die grootste belang. Nadat Christus dit gesê het, sien Johannes o.a. die volgende: *“en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.”* (12,13) Die sewe kandelaars staan nie los van mekaar nie omdat Christus tussen hulle stap. Sonder Hom kan hulle nie regte kandelaars wees wat die ware lig versprei nie. Hulle moet aan Christus as die lig van die wêreld verbind wees om die ware lig te versprei. Kerke wat in die lig van Christus staan, wil mekaar dan ook help. Wil mekaar help om in hierdie lig te bly staan. Wil mekaar help met dinge wat beter gesamentlik gedoen kan word. Wil mekaar help om die Woord van God al hoe meer in sy rykdom te verstaan. Gemeentes mag hulle nie op hulleself hou nie. Hulle moet mekaar soek. Die band aan Christus sorg daarvoor dat ons nie die voorgeslag vergeet wat die HERE gedien het nie en ook nie die wysheid en kennis ignoreer van ander gemeentes wat die HERE in waarheid en liefde dien nie. Hier kan ons dink aan dit

wat Paulus in Efesiërs 3 skryf: “sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, **en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en hoogte is**, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.” 17-19

Christus se kerke het die roeping om mekaar te help, om in liefde na mekaar om te sien. Dit beteken dat ’n gemeente nie outonoom is nie. Op grond van die band met Christus moet ook die band met ander gemeentes sigbaar word en beoefen word. Daarom is die kerkverband vir Christus se kerke ’n roeping.

### **HOE ONTSTAAN DIE KERKVERBAND?**

Dit is weer belangrik om te sien hoe die kerke in die tyd toe die apostels die evangelie verkondig het, gefunksioneer het. Dit het nie by ’n kerkverband begin nie. Dit is nie so dat ’n sekere kerkverband homself uitgebrei het nie. Die apostels het die evangelie van Christus verkondig in ’n sekere plek. So het gemeentes ontstaan wat later mekaar se hulp gesoek het. Kerke het later vir sekere sake by mekaar aangesluit.

In die tyd van die Reformasie sien ons dat dit op dieselfde manier gebeur het. Dit is nie so dat ’n kerkverband homself uitgebrei het nie. Nee, deur die verkondiging van die ware leer teenoor die leer van die valse kerk het kerke ontstaan wat regtig kerke van Christus was. Hulle het mekaar gesoek vanuit die gesamentlike binding aan Christus, vanuit hulle gesamentlike binding aan die waarheid.

Die kerkverband is gegrond op die waarheid. As die gesamentlike binding aan die onfeilbare Woord van God en die belydenisskrifte wat daarmee in alles ooreenkom nie meer daar is nie, is daar nie meer ’n ware kerkverband nie. Dit is daarom ook ’n pragtige gebruik dat by die begin van elke meerdere

vergadering die afgevaardigdes moet gaan staan om met die belydenisskrifte van die kerk instemming te betuig. Ons eenheid lê in Christus en in sy leer!

Die kerke wat die waarheid leer en verkondig, soek mekaar as selfstandige kerke. Deur die gesamentlike liefde vir die waarheid ontstaan dan ’n liefdesverbond van kerke. So ontstaan dan ’n gereformeerde kerkverband ontstaan deurdat kerke hulle vrywillig keuse by die kerkverband aansluit. Wanneer daar iewers ’n gemeente ontstaan, moet daardie gemeente dus eers geïnstitueer wees. Dan is dit die kerkraad wat die keuse vir die kerkverband moet maak. Hierdie gemeente behoort nie outomaties by die kerkverband nie, maar moet self vra om tot die kerkverband toegelaat te word.

### **KERKVISITASIE**

’n Ander saak wat hiermee saamhang is die sogenaamde kerkvisitasie. Die kerkvisitasie wat in Art. 44 van die KO gereël is, het die volgende doel: *“Die visitatore sal ondersoek of die ampsdraers elkeen afsonderlik en gesamentlik hulle ampte getrou vervul, hulle by die suiwer leer hou, die aanvaarde orde in alles nakom en die opbou van hul vermoë met woord en daad bevorder. Die doel van die visitasie is om ampsdraers by wie nalatigheid bemerk word, betyds te vermaan en ook om met raad en daad saam te werk aan die vrede, die opbou en welsyn van die kerke.”*

Die doel van visitasie by ’n plaaslike kerk is om die ander te help; om as die ander kerk besig is om in ’n verkeerde rigting te beweeg of in die genade te veragter, weer op die spoor van die Gees te laat stap. Die verslag van die visitatore moet ook vir die kerkverband wys of ons volgens hulle ondersoek nog met ’n ware kerk van Christus te make het. As hierdie kerk die spoor van Christus byster geraak het en nie daarna wil terugkeer nie, sal die kerkverband moet uitspreek dat daar met hierdie gemeente nie meer saamgeleef kan word en dat daardie gemeente nie meer deel

van die kerkverband uitmaak nie. Ons sien by die ontstaan van die gereformeerde kerkverband van die Nederlandse Kerke die groot belang van eenheid in die geloof, die eenheid wat ook in die binding aan die belydenis vaslê. Die tweede artikel van die Sinode van Embden is naamlik:

*“Om die eendrag in leer tussen die Nederlandse Kerke te bewys, het dit die broeders goedgevind om die belydenis van geloof van die Nederlandse Kerke te onderskryf en om ook die belydenis van die kerke in Frankryk te onderteken om daarmee hulle verbintenis en eenheid met die Franse Kerke te wys. Dit in die vertroue dat die dienaars van die Franse Kerke ook van hulle kant die belydenis van die geloof van die Nederlandse Kerke eensgesind sal onderteken.”*

Die kerkverband is ’n verband van selfstandige gemeentes wat saam in die leer van die Gees van die waarheid hulle eenheid vind.

### **ONS MAAK IN DIE KERKVERBAND AFSPRAKE**

Die kerkverband is nie die kerk nie. Nogtans is dit nie so dat die kerkverband gering geag moet word nie. Wanneer die kerke in die kerkverband saamkom, maak hulle afsprake oor hoe hulle mekaar sal help in die dinge wat beter gesamentlik gedoen kan word en hoe hulle mekaar kan help om by die leer van Christus te bly. Die kerke bind mekaar dan ook aan die gesamentlike afsprake. Dit is daarom dat die kerke in die kerkverband vir mekaar in Art. 31 van die KO belowe: *“Die uitspraak wat met meerderheid van stemme aanvaar is, sal as bindend aanvaar word, tensy daar bewys word dat dit in stryd is met die Woord van God of met die Kerkorde.”* Hier sien ons weer dat God se Woord die norm vir die kerke in die kerkverband is, ook vir hulle kerkverbandelike saamleef. Dit beteken ook dat in ’n gereformeerde kerkverband nie ’n wetboek kan en mag ontstaan nie. Ons moet altyd weer daarop let dat ons mekaar nie meer bind as wat nodig is nie. Nie meer bind as wat die Woord ons bind nie. Hier geld ook wat ons in artikel 32 van

die NGB in ooreenstemming met die Skrif bely oor 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk:

*"En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te*

*bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou."*

Ons maak as kerke in 'n kerkverband afsprake om saam te groei

en saam op die beste manier kerke van Christus in ons omgewing te wees. Ons het mekaar nodig. Ons het die gawes wat Christus in verskillende kerke gegee het nodig. Dan kan ons sonder om op enige manier hiërargies te wees of te word, sê dat Christus sy bloed ook vir die kerkverband gegee het. ☩

## VERDERE STAPPE NA SELFSTANDIGHEID

### - Nuwe ontwikkelings in die kerk van Soshanguve Suid

Ds Dirk Maurits Boersma

#### SENDING

**'Hoe begin jy 'n sendinggemeente?' is 'n vraag wat baie mense gevra het toe ek begin het. Intussen is ek vyf jaar verder, en 'n ander vraag kom by my op: wat kan 'n sendeling doen om 'n geplante gemeente na selfstandigheid te lei? Dit blyk dat juis dié persone wat in sendinggemeentes skaars is, daarin 'n belangrike rol speel: manne.**

#### MAN OF VROU: WIE LOOP VOOR?

In gevestigde gemeentes word dikwels die aandag gevestig op die vroue. Moderne gedagtes oor rol-gelykheid tussen manne en vroue kan dan 'n rol speel: vroue moet dieselfde kan doen, en ook invloed in die gemeente kry.

Daar kan ook op goeie gronde oor die rol van vroue nagedink word. Terwyl manne 'n duidelike funksie in die ampte kan vervul, kan die vroue op die agtergrond raak, en dit lyk dan asof hulle nie belangrik is nie. Dit kan veroorsaak word deur 'n oorbeklemtoning van die amp en 'n onderwaardering van die gawes en verantwoordelikhede van alle gelowiges.

In 'n sendinggemeente verloop die proses anders. Dikwels sluit baie vroue aan, en min manne. Swart vroue het ook nie 'n probleem om inisiatiewe te neem en dinge te reël nie. Die vraag is dan: watter rol moet die manne speel? Sekere kerke op die platteland het besluit om die ampte vir vroue oop te stel,

omdat daar geen manne is nie. Nie net lewer dit spanning op met hoe die Nuwe Testament oor die amp praat nie, maar ook sê kundiges dat die mans in die toekoms waarskynlik heeltemal op die agtergrond sal bly.


#### GOD WYS DIE PAD

In die twee VGK sendinggemeentes wat binnekort hoop om selfstandig te word, het geblyk dat manne in die groeiproses 'n sleutelrol inneem. Wanneer 'n sendeling die Skrif respekteer en daaraan vashou dat manne in die amp moet dien, gaan soek hy na manne wat dit kan doen. As daar min manne is, probeer hy hulle vorm, maar sal hy ook probeer om in die verkondiging na buite toe meer manne te benader. Dit kan tog gebeur dat jy van die

manne vergeet omdat soveel vroue belangstel. Dit vra egter besondere aandag om jou met die evangelie op manne te rig, hulle besware en hindernisse aan te spreek, en hulle tot bekering te lei.

#### GEBED EN VERHORING

Om dit wat by die ander gemeentes geleer is, in praktyk te bring, het ek laasjaar begin bid, dat die Here meer manne gee, en my sal help om hulle op die regte manier te benader. Dit help nie om slim tegnieke uit te dink en te vergeet dat die Here harte buig en oopstel vir die evangelie nie. Gesprekke met die manne het my ook laat agterkom dat 'n sendeling moet werk met die manne wat reeds daar is, om deur hulle ander mans te bereik.



*Betrokke broeders saam met die student en sendeling*

Christus het met sy eie woorde my aangespoor om hiervoor te bid. As Hy daarvoor gekies het om sy gemeente deur ampsdraers te lei en versorg, en Hy wil hê dat dit mans is, dan mag 'n sendeling tog vrymoedig bid dat die Here manne gee? Christus het gesê: "Alles wat jy bid in My Naam, God sal dit gee." Wanneer dit wat jy bid in ooreenstemming met God se wil is, mag jy daarop vertrou dat Hy dit op sy tyd sal doen.

En Hy het dit gedoen. Aanvanklik het aan die einde van laasjaar maar min gebeur. Daar was nog nie soveel manne nie, en die manne wat lidmate was, het nie inisiatiewe geneem nie.

Maar aan die begin van hierdie jaar het dinge begin verander. God het hulle beweeg om saam te kom. Hulle het die plan van broedervergaderinge, wat ek aan hulle voorgelê het, aanvaar, en begin vergader. Die bedoeling is, om dit gemiddeld twee keer per maand te doen. Elke tweede Saterdag van 8 tot 10, voordat almal aan die werk gaan of dinge by die huis gaan doen. Na ses maande kan ek sien dat die idee van die broedervergadering 'n plek in die gemeente gekry het. Nog nie almal is daar nie, party werk gereeld naweke, en party is nog steeds nie betrokke nie. Maar die begin is daar: die gewilligheid om saam te kom, en die belangstelling en inset van die wat kom.

### **WONDERLIKE VORMING**

Die vergaderinge wat ons hou, is 'n vormingstyd. Kan jy dit glo: die Here gebruik 'n sendeling van 34 jaar uit 'n ander kultuur om manne van dieselfde leeftyd en ouer te vorm in geloof, nederigheid en kennis. Ek verstaan hulle gedagtes en leefsituasie nog nie vir die volle 100% nie, maar Christus werk deur my om ander te verander. Ons deel die begeerte om al hoe meer soos Christus te wil lyk, en op 'n dienende wyse verantwoordelikhede in sy gemeente op ons te neem. Dit is een van die seldsame voorregte van 'n sendeling!

Vir my beteken dit twee dinge. In die eerste plek: my eie geloof, insigte en houding is baie belangrik.



*Vroue is entoesiasies om in die gemeente aktief te wees*

Eensydighede in my denke of 'n verkeerde houding kan maklik op hulle oorgedra word. Navolging van Christus en 'n gebalanseerde insig in die heil kry vir my nog meer betekenis. Jy deel nie net die evangelie mee nie, maar ook jou eie lewe (1 Tess. 2:6-12). En dit voel asof ek self ook nog maar net op pad is...

### **'n VOLGENDE FASE**

In die tweede plek kom ek agter dat God die gemeente in 'n nuwe fase gebring het. Nie langer is dit die belangrikste om nuwe mense in die gemeente te kry nie. Ek het selfs nog maar min tyd daarvoor. Die fokus van my werk skuif na die opbou van die lidmate, en spesifiek na die vorming van die manne. Van die plantingsfase het die gemeente na die opboufase beweeg. Die doel van die fase is, dat gewes in die gemeente opgemerk en ontwikkel word, en dat spesifiek gewerk word na die instelling van die ampte. Tydens hierdie fase moet die gemeente leer om ook self met die evangelie na buite te tree. Dan word dit nie 'n geslote groep nie, maar 'n missionêre gemeente wat bewoë is met die lot van ander, en Christus se naam wil bely.

Ek weet nie hoe lank hierdie fase sal vat nie. Ervaring van ander gemeentes hoef nie te beteken dat dieselfde tydpad gevolg sal of moet word nie. Daar is die verleiding om

die proses te wil druk, omdat ander gemeentes ook institueer, en dit voel goed om tot 'n afronding te kom. As jy dit vinnig regkry, lyk dit 'n manier om jouself as sendeling te kan bewys. Maar dit is nie reg nie. Dit gaan eenvoudig daarom om die werk wat Christus deur sy Gees in die gelowiges doen, te erken en jouself daarin te laat meeneem. Volg waarheen God die gemeente lei. Dit gee rus om jou aan Hom oor te gee en sy tydpad te volg. Dit is ook nodig, omdat daar soveel faktore buite jou beheer is en 'n sendeling ook sy beperkings het.

### **WEES DEEL DAARVAN!**

U hoef tydens hierdie proses nie langs die kant te staan nie. Wat sou mooier wees as om by die instituering van hierdie gemeente te kan sê: ek het met my gebede ook 'n bydrae aan hierdie kerk gelewer?

Bid aseblief gereeld saam met my die woorde van 2 Tess. 1:11-12: *"Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak. So sal die Naam van ons Here Jesus deur julle verheerlik word, en julle deur Hom, in ooreenstemming met die genade van ons God en van die Here Jesus Christus."* ✠